Oordenking
18 Oktober 2017.

Ons word ’n gestuurde gemeente.

Johannes 1: 10 – 14: Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Jesus die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Die ware Lig van God, die ewige, enigste Seun van God, het van die Vader se hemelse woning af na ons toe gekom om vir hulle wat aan die Here behoort die boodskap oor die genade en waarheid van God te bring. Ongelukkig het sy eie mense, die leiers van Israel in sy tyd, Hom nie aangeneem nie. Hulle het gekies om nie na sy boodskap te luister nie en liewer leuens oor sy opstanding te versprei.

Die wat volgehou het om Hom te verwerp en sy volgelinge geviktimiseer het, het toe nooit die Lig gevind nie, want die duisternis wat in hulle was, is nooit oorwin nie.

Maar die Vader het sy Gees na ons toe gestuur en ons is deur die genadige werk van die Heilige Gees verander en ons het nuwe skepsels geword wat uit God gebore is. Die Gees van God het ons van vyande verander in mense wat deur die Gees aangeraak is en kinders van God geword het. En as kinders van die Vader is ons oë oopgemaak, sodat ons Jesus erken en aangeneem het en so deur geloof in Hom die reg ontvang het, om in die ewige Lig te lewe.

Ons het hierdie reg ontvang toe die Vader ons in Christus aangeneem het en die voorreg gegee het om die almagtige Skepper “Abba”, wat “*my Pa*” beteken, te mag noem. Ons het die mag ontvang om op ons ewige erfenis as kinders van God aanspraak te maak.

Wees vandag bly dat jy die reg het om ’n kind van die Here te wees.
Wees bly dat die lewe van Jesus jou uit genade in die Waarheid en Lig laat deel.
Wees bly dat jy geroep is as instrument van die Gees om die oë van blindes te open en vir die wat dood is, tot die lewe op te roep.
So word ons ’n gestuurde gemeente.